Nuusbrief vir 4 April 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

4 April 2019

Baie welkom terug aan u elkeen vir die tweede kwartaal van 2019. Hierdie kwartaal is gelaai met akademie en baie buitemuurse aktiwiteite en ons wil u as ouers vra om u kind te ondersteun en te begelei met tydsbesteding en beplanning. Getroue klasbywoning en die bywoon van sport- en kultuuroefeninge bly van uiterste belang om uiteindelik sukses te behaal. Baie sterkte aan elkeen van u met 'n vol program wat voorlê.
Komende Saterdag het ons 'n sportdag teen Worcester-Gim by ons skool. Ons nooi u elkeen hartlik uit om hierdie dag saam met ons te kom geniet en ons leerders te kom ondersteun.

E-pos adresse

4 April 2019

Ons vestig weer u aandag op die volgende e-pos adresse wat verander het:
Mev P van der Westhuijzen: finansies@swartlandhs.co.za
Mev F Hamman: admin@swartlandhs.co.za
Mev D de Klerk: ddeklerk@swartlandhs.co.za

Vakveranderinge 2019

4 April 2019

Neem asseblief kennis van die volgende sperdatums:
Graad 12 - geen verdere vakveranderinge vir 2019
Graad 11 - geen verdere vakveranderinge vir 2019
Graad 10 - Mag maksimum van 2 vakke verander - sluitingsdatum 23 April 2019.

Jobshadowing Pathcare

4 April 2019

Daar is 'n 'jobshadowing' geleentheid by Pathcare beskikbaar vir graad 11 en 12 leerders op 26 April 2019.
Verdere navrae by juf C Greeff.

Tersiêre instansies se opedae

4 April 2019

Op 11 Mei het die volgende instansies hul jaarlikse opedae:
CPUT, Prestige Academy, AFDA
Dis vir graad 11 en 12 leerders.

Binnenshuise hokkie prestasie

4 April 2019

Hernù Schep het in Desember 2018 die 'Swartland Spiders' O/16-span by die jaarlikse PSI Nasionale toernooi verteenwoordig. Hierdie span het teen 19 ander spanne van Gauteng, Kwazulu Natal, Oos-Kaap, Namibia, Zimbabwe en Wes-Kaap gekompeteer. Wel gedaan, Hernù!

Rugby uitslae

4 April 2019

Ons O/19A rugbyspan het gedurende die vakansie aan die Tony Stoops toernooi deelgeneem en die volgende uitslae behaal:
HSS 12 Groenberg 21
HSS 17 Bridgton 7
HSS 24 Monument Park 14
Wel gedaan, seuns!

Eisteddfod sluitingsdatums

4 April 2019

17 Mei: Paarl Vallei inskrywings sluit (navrae: Mev Hunlun-van Zyl)
10 Julie: Paarl Vallei inskrywings - alle kunswerke en skryfstukke ingelewer by mev Hunlun-van Zyl
18 April: Wes-Boland alle inskrywings sluit (mev B Turner)

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

4 April 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

4 April 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

4 April 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 4 April 2019 - 11 April 2019

6th April 2019
Rugby, hokkie, netbal vs Worcester Gim (tuis)

8th April 2019
Oueraand alle grade 17:30
Skoolsaal
Bring u kind se rapport saam
U moet afspraak by betrokke onderwyser maak.

9th April 2019
Netbal Swartland soneproewe

10th April 2019
SGOS vergader 14:30

10th April 2019
Wes-Boland rugbyproewe (weg)
Dirkie Uys

11th April 2019
Bemarking sport, kultuur vergader 18:00

11th April 2019
Netheid-inspeksie

11th April 2019
FSS private uitverhuring
Duiweskou

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland